**Gemarginaliseerde geestelikes soek nuwe rasgebaseerde magsbasis om burgerlike verset teen die regering te lei.**

1.Die oproep deur die ASM (Algemene Sinodale Moderatuur) van NG lidmate om tussen 11 en 16 de Junie die Afrikaanse wit ras te verteenwoordig, by die beplande geestelike optredes tydens die 16 Junie 1976 se veertigste herdenking op die Orlando stadium, by die Hector Peterson monument en in die Regina Mundi kerkgebou te hou, is oneties en teen die geloofskarakter van die NG Kerk.

2. Die NG Kerk het reeds sedert 1988 met die publikasie van "Kerk en Samelewing" dit as onskriftuurlik en teen die karakter van die NG Kerk as geloofsgemeenskap verklaar, dat lidmaatskap van die NG Kerk mede-bepaal word deur ras en kultuur . Sedert 1988 word uitdruklik gestel dat die enigste wyse waarop jy jouself as lid van die NG Kerk kan identifiseer is deur die geloof alleen.

3. Sedert 1988 mag NG lidmate hulle nie in hul verbintenis tot die NG Kerk as geloofsinstelling as "wit Afrikaners" identifiseer nie. Hierdie geloofskarakter van die NG Kerk was juis die oorsaak van die stigting van die AP Kerk wat wit en Afrikaans 'n kwalifikasie van lidmaatskap van die AP Kerk gemaak het. Die NG lidmate wat nie na die AP Kerk in 1988 oorgegaan het nie, was hulle wat hul nie in hul kerklidmaatskap as "wit Afrikaners" wou identifiseer nie.

4. Die onetiese van hierdie oproep wys ook in die innerlike teenstrydigheid van die ASM se optrede. Met die beplande kerkeenheid tussen die NG Kerk, VGK, NGKA en die RCA, mag daar geen erkenning van lidmate as "wit Afrikaners" wees nie. Geen lidmaat mag homself in hierdie beoogde eenheid óf so sien óf so self handhaaf nie. Daar mag nie "wit Afrikaanse gemeentes", "wit Afrikaanse" ringsverbande of "wit Afrikaanse" sinodes wees in die nuwe kerkeenheid nie. Daarom is dit al reeds 'n veronderstelling dat die taal in kerklike vergaderinge Engels gaan wees, net soos dit in die teologiese opleiding gaan wees.

5. Enige beroep op Afrikaanse identiteit in hierdie kerkeenheid word deur geestelike leiers dadelik as rassisme en sonde teen God uitgewys. Die geestelikes wat hierdie tipe kerkeenheid aandryf en lidmate as rassiste veroordeel, sou hulle op 'n "wit Afrikaanse identiteit" in kerkeenheid aandring, is nou die geestelikes wat lidmate oproep om die wit Afrikaanse ras met die vieringe van 11 tot 16 Junie te gaan verteenwoordig.

6. Dit is die innerlike teenstrydigheid in die optrede van die ASM: lidmate word aan die eenkant verbied om hulle self as wit Afrikaners in hulle lidmaatskap van die NG Kerk te eien of te handhaaf, met die uitdruklike oordeel dat dit sonde teen God is, maar nou moet hulle skielik weer as NG Kerk lidmate die "wit Afrikaanse ras", soos wat dit in die memorandum uitdruklik van die NG Kerk verwag word, tydens die Sowetodag vieringe gaan verteenwoordig.

7. Die tweede saak waarin die ASM oneties en teen die geloofskarakter van die NG Kerk optree is die vergeesteliking van die Suid Afrikaanse gemeenskap se historiese dae en gedenkwaardighede om spesifieke Christelike kerklike waardes te simboliseer.

As burgerlike gemeenskap het ons reeds ŉ nasionale dag wat versoeningsdag is. Dit is die 16 de Desember. Dit is die uitdruklike doelwit van hierdie aksie om 16 Junie nou ook as ŉ tweede versoeningsdag te proklameer en te vier. Dit is ook hulle uitdruklike doelwit om hulle nuwe tweede versoeningsdag te vier asof dit die ware betekenis en bedoeling van die die Soweto-opstand op 16 Junie 1976 teen apartheid moet wees.

8. Die NG Kerk het na 1994 homself op ŉ nuwe wyse binne die gemeenskap geposisioneer. Daar is doelbewus weg beweeg van Christelike nasionalisme as die grondslag vir die hele openbare gemeenskap. Daar is doelbewus gekies vir ŉ openbare gemeenskap waarin alle geestelikhede en godsdienste binne die gemeenskap beoefen kan word, maar die openbare gemeenskap self nie aan ŉ bepaalde godsdiens of geestelikheid openbaar of konstitusioneel verbind is nie.

Die nasionale dae, Jeugdag en Versoeningsdag, is nie bedoel as spesifieke Christelike dae nie, maar bedoel as burgerlike vieringe van burgerlike gedenkwaardighede. Paasfees en Kersfees is Christelike feesdae wat as nasionale vakansie dae gevier word.

9. Teenoor hierdie nuwe gemeenskapsverbintenis van die NG Kerk het die ASM besluit om nou eienaarskap te aanvaar van ŉ aksie wat weer terugval na die Christelike verkerkliking van die openbare gemeenskap.

Hulle wil die historiese gebeure van 16 Junie 1976, die herdenking van die jeugopstand in Soweto teen apartheid en die Hector Peterson monument, van hierdie gemeenskapskarakter ontneem en dit nuwe simbole van Christelike kerklike versoening maak.

Hierdie nuwe kerklike versoening word nie gesien as kerklike viering soos Paasfees en Kersfees as openbare vakansiedae nie. Hulle wil doelbewus die nasionale dae en simbole van die gemeenskap verkerklik sodat hierdie openbare dae en simbole die kerklike waardes van Christelike versoening vir die nasie en land sal verteenwoordig.

Dit is eerstens niks anders nie as ŉ geestelike kaping van die betekenis en viering van die openbare gemeenskap, wat nie meer na 1994 “Christelik” of “kerklik” is nie. Tweedens is dit niks anders as die verkerkliking van die openbare gemeenskap nie.

Om die nasionale gedenkwaardighede van die nuwe openbare gemeenskap van voor af weer te wil verkerklik, is ʼn breuk van die onderneming van die NG Kerk om nie meer die openbare gemeenskap van Suid Afrika te wil sien en bedryf asof dit "hulle kerklike Christelike gemeenskap" is nie.

Die keuse van die ASM om eienaarskap te aanvaar van ʼn aksie wat openbare simbole kaap en dit weer "Christelike simbole" vir die hele openbare gemeenskap maak, asof die openbare gemeenskap nou weer aan ʼn bepaalde godsdiens moet behoort, is oneties en teen die karakter waarvoor die NG Kerk in die nuwe Suid Afrika gekies het.

10. Hoekom?

Hoekom roep die ASM weer "wit Afrikaners" op om saam met "swartes" die nuwe openbare nasionale dae en gedenkwaardighede van die nuwe Suid Afrika van voor af weer te "verkerklik"?

Hulle motiveer dit self in hul memorandum deur te bely dat hulle die afgelope twintig jaar na 1994 nalatig was. Hierin bely hulle openlik dat hulle vir twintig jaar lank niks gedoen het om "die droom" van ʼn nuwe nasie te verwerklik nie. Hierin aanvaar hulle die skuld vir al die huidige ellendes van die nasie en verklaar sommer daarmee almal medeskuldig aan hulle nalatigheid. Hierin voer hulle aan dat hul blydskap oor die einde van apartheid die rede vir twintig jaar se nalatigheid was, wat die nuwe nasie laat misluk het.

Hulle stel dit ook dat hierdie kaping van nasionale simbole die begin gaan wees van ʼn geestelike beweging wat die nasie en land weer sal nuut maak. Met nuut bedoel hulle dan dat hulle die nasie en land met hulle Christelike waardes gaan verkerklik en só van al sy huidige ellendes gaan bevry.

Volgens hul self gaan dit ʼn nuwe wonderwerk wees wat hulle met gebed en die sondebelydenis van "wit Afrikaners" teenoor "swartes", die vergifnis van "swartes" teenoor "wit Afrikaners" gaan bewerk. Dit is hoe hulle hul nalatigheid van twintig jaar gaan staak en begin om hul droom van ʼn nuwe nasie waar te maak.

Dit is hoe hulle hulle self motiveer binne hulle eie geestelike selfverstaan.

11. Wat is die werklikheid van hierdie nuwe verkerkliking van die openbare gemeenskap?

Die werklikheid is dat hierdie aksie gelei word deur geestelikes wat uit die huidige politieke mag in die land gemarginaliseer is. Hierdie geestelikes het hulle self oortuig dat hulle die laaste twintig jaar die geestelike leiers van die nasie was. Daarom roem hulle in die memorandum dat hulle die leiers was wat die nuwe nasie help begin het.

Hulle staan nou totaal ontnugterd oor hoe hulle van alle magte uitgesluit is. Hulle wou die staatskerk van die nuwe nasie wees en toe vernietig die regering wat hulle wou vergeestelik het die staat as instelling, deur korrupsie en nepotisme.

Daarom het hulle ŉ nuwe magsbasis nodig om die geestelike leiers van die gemeenskap te wees. Hulle wil in die huidige gemeenskapsverset teen die regering en die staatshoof, waarvan hulle nog nooit deel wou wees of was nie, inkoop asof hulle hierdie verset verteenwoordig.

Die werklikheid is egter dat hulle geestelikheid die mag van die regering gesanksioneer het. Hulle het die opbou van die mag wat bo enige aanspreekliheid is help skep in hulle erkende nalatigheid.

Daarom het hulle nou nodig om die huidige gemeenskapverset te kaap asof dit hulle eie geestelike verset teen die regering is. Dit is die innerlike drif om die simbole, geskiedenis en monumente van verset hul eie te maak.

12. Die wyse waarop hulle dit doen is deur die herlewingsvroomheid van die Charismatiese geestelikheid in die land.

Daarom is Pinkster en Charismatiese instellings soos “Jericho Mure”, “Victorious Women in Christ”, “Turn2God Ministries” dr. van der Spuy van Moraletta kerk en die AGS leidinggewend in hierdie aksie waarin die NG Kerk se ASM ingekoop het.

Die veertig dae gebed vir die voorbereiding van die “nasionale wonderwerk” wat gaan gebeur is ook deel van die Pinkstervroomheid van veertig dae se bid vir die die uitstorting van die Heilige Gees. Die uitstorting van God se Gees is in hierdie vroomheid die wonderwerk wat dan elke keer alles van vooraf nuut begin.

Dit is ook die herlewing van die negentigerjare se geestelik verset beweging teen apartheid. Hulle voorsien hul “pelgrimsreis” as die nuwe geestelike verset wat “wit” en “swart” sal verenig teen die regering, net soos die “rolling mass action” van die UDM teen die apartheidsregering.

Hulle wil weer die krag van hul vorige verset teen die Nasionale Party herleef teen die huidige owerheid om weer die gemeenskap se geestelike leiers te wil wees. Dit is op die voorbeeld van Cope en dr. Allen Boesak se verset teen die ANC nadat hulle ook gemarginaliseer was.

Hierdie herlewingsbeweging as verset teen die owerheid met die verklaarde doel om nou weer die openbare lewe te wil verkerklik, het sy ewebeeld in die optrede van Donald Trump in Amerika. Uit die geestelike herlewingskrag van die Amerikaanse Suide wil hulle weer ŉ Amerikaanse staat herstel vry van die pluraliteit van die nuwe gemeenskapsorde.

13. Die NG Kerk en openbare gemeenskap kan nie hierdie nuwe beplande geestelike verset teen die regering bekostig nie. Dit is ŉ leuen dat almal so nalatig

was soos hierdie geestelikes erken dat hulle is nie. Dit is ʼn leuen dat burgers nie aan die sukses van die land en burgerlike versoening sou gewerk het soos hulle erken dat hulle dit nagelaat het nie. Die meeste het met die aanvaarding van werksverlies, eiendomsverlies, die verlies van kontrakte en die meeleef met die plundering van die owerheid se kleptokrasie, en die kriminaliteit hierdeur probeer om die land ʼn sukses te maak. Dit was net die geestelikes wat te bly was om iets daaraan te doen.

Die land en openbare gemeenskap het nie hulle nuwe beskuldiging van elkeen en almal se kollektiewe nalatigheid nodig nie.

Die Soweto gemeenskap en elkeen vir wie 16 Junie 1967 en sy simbole teken is van bevryding van onderdrukking is, het nie ʼn kerklike beeldestryd oor hulle eie geskiedenis en monumente nou nodig nie.

Die openbare gemeenskap het op geen manier weer die verkerkliking van die openbare gemeenskap nodig nie.

Die breë Afrikaanse gemeenskap het met wysheid en diplomasie elke poging om in hierdie huidige verkiesingstryd die teiken gemaak te word van ʼn nuwe rassehaat om kiesers te werf, gesystap. Nou kom die ASM en sonder die Afrikaanse gemeenskap uit as die wit ras wat met swartes moet versoen. Die Afrikaanse gemeenskap het nie hierdie nuwe rassegeestelikheid van die ASM nodig nie.

Die hele land en al sy mense het ook glad nie nou weer die kerklike versoening van "wittes" en "swartes" as nuwe versetbeweging nodig nie. Ons is reeds in anargie. Ons het burgers en kerke nodig wat wet en orde handhaaf, nie vir nuwe mag ondermyn nie.

Die ASM het hul self en elkeen wat hul nou navolg heeltemal ongeloofwaardig gemaak met die herlewing van ou rasgebaseerde magsdrome van die negentigerjare. Die huidige anargie is nie ʼn rasseprobleem nie. Nog minder is die oplossing die kerklike seremoniële vertoon van mense as "wittes" en swartes".

Hierdie onetiese optrede teen die geloofskarakter van die NG Kerk van die ASM, gaan oor hul korrupte en uitgediende versoeningsbeeld wat nie die versoening van die kerk van die Here of die openbare gemeenskap se onderlinge verbintenis tot ʼn gemeenskaplike roeping, wet en orde, is nie.

Dit sal ons in die opvolg artikel aanspreek.

ds. PJ Kriel.